# DAG 4

Gén 1:14 "En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel, om skeiding te maak tussen die dag en die nag; en laat hulle dien as tekens sowel vir vaste tye, asook vir dae sowel as jare….

18: Toe sien God dat dit goed was.

19: En dit was aand en dit was môre, die vierde dag."





## Son

## Maan

Op die 4 de dag maak God die Son, Maan en al die sterre aan die Hemelruim.

God het slegs 'n Woord gespreek en toe is alles daar. God het die Son geskape vir lig in die dag en die Maan vir lig in die Nag en ook om Seisoene vas te stel, dae en ook Jare.

**Die Son** is 'n groot ster reg in die middel van ons Sterrestelsel. Die son is so groot dat daar 1 Miljoen Aardes in hom sal inpas. Die son se oppervlak is om en by 6000 grade C en dit kan tot meer as 15 000 000 grade C by die son se kern wees.

Hierdie hitte en energie kom van aanhoudende kern reaksies wat vanaf binne die son ontplof wat die waterstof (waarvan die son gemaak is) oor gesit word in helium. En hierdie is amper soos 'n massiewe groot kern bom… die grootste uitset energie van die son is maar li gen hitte en die die radiasie wat die son wel uitstraal word gekeer deur die atmosfeer om die aarde, wat God op die 2de dag gemaak het.

God het als reg gemaak sodat mens, dier en plant kon voortleef op die planeet.

Ons is omtrent 150 miljoen km van die son af. Presies die regte afstand vir ons om te oorleef.  As ons 5% nader was het al die oseane gekook het en alles sou doodbrand. As ons 5% nader was dan het al die water in die oseane gevries.

As die aarde se wentelbaan oval was, soos 'n eierdop sou ons verskrik warm gekry het soos ons nader kom aan die son en weer verskriklik koud kry hoe verder ons weg van die son af beweeg.

Die rotasie van die aarde: As die aarde stadiger op sy eie as gedraai het, sou ons dae ook baie warmer geword het en ons nagte baie kouer. Di e tyd in elke dag is presies reg vir die hoeveelheid werk e nook die hoeveelheid slap wat ons nodig het.

As die aarde vinniger of stadiger beweeg het sou dit nie net ons temperatuur, lengte van dae en nagte beinvloed het nie, maar ook windspoed.

<u>**Die Maan** </u>ons eie Satelliet. Dit reflekteer die son se lig na die aarde toe, selfs al is die Son aan die ander kant van die aarde. Die maan is 'n Klipperige Plek met geen atmosfeer of water nie en uiterste temperature.

Die maan beweeg om die aarde elke 29,5 dae.

Die trek van gravitasie van die maan beroorsaak ook die getye by die see. Hierdie getye maak die strande skoon en ook dit sit weer suurstof in die water wat die visse nodig het om te oorleef. Dit help ook dat die water heeltyd beweeg, anders stagneer dit. .

Ander planete: As ons kyk na die groot planet Jupiter, dit het ook groot sterk gravitasie krag om komete en meteore van die aarde af weg te trek sodat dit ons nie tref en almal doodmaak nie.

<u>Waarom al die inligting??</u>

God het 'n geskep met 'n doel. Als is haarfyn beplan. Dit wys ons

net weer hoe wonderbaar ons Skepper God is en dat daar geen een soos

Hy is nie.



Baie mense wat nie God die eer wil gee nie, wat nie in God wil glo nie, het groot problem om baie van hierdie amazing dinge te probeer verduidelik.

Hoekom is die aarde se temperatuur net re gen die afstand van die son en maan en strerre enplanete presies reg vir alle lewe op aarde?

As die "BIG BANG" teorie waar is, hoekom draai Venus, Uranus en Pluto in die teenoorgestelde rigting as die ander planete? As die planete op dieselfde manier gevorm is, is hulle nie veronderstel om in dieselfde rigting te draai nie?

Wie het al ooit gesien of gehoor dat 'n groot ontploffing iets met soveel orde en ontwerp veroorsaak het....

Rom 1:20 "Want sy onsigbare dinge kan van die skepping

van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik

gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid,

sodat hulle geen verontskuldiging het nie;"

Baie mense wil God wegpraat uit Sy Skepping uit. Maar in die klein bietjie inligting en deur God se Woord kan ons sien hoe die hele Skepping getuig van Sy hande werk.

"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande."
Psa 19:2

**Beantwoord die volgende vrae:**

1. Wat het God op die 4de dag geskape?

   ____________________________________________

2. Wat se drie belangrike dinge stel hulle vas op aarde?

   ______________________________

   ______________________________

   ______________________________

3. Hoekom het God alles so volmaak beplan?

   ______________________________________

   ______________________________________

4. Wat sou gebeur as die maan vinniger sou beweeg?

   ____________________________________________


   ____________________________________________

   ____________________________________________

5. Wat het God gesê na Hy die 4de dag geskape het?

   ________________________________________

**On the fourth day, God created...**



Genesis 1:14-19

**sun and moon**